Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2022

# RELIGIESTUDIES V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die instruksies versigtig deur voordat die vrae beantwoord word.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

3. Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.

4. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat jy dit beantwoord.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die lengte van die antwoord moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.

8. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan.

## VRAAG 1

1.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Alle religieë het 'n stel geloofsoortuigings oor die aard van die mensdom, die wêreld, die goddelike, die skepping en dele van ons lewens.
>
> [Bron: *Shutters Top Class Religion Studies Grade 12,* bladsy 88]

In die konteks van enige EEN religie, beantwoord die volgende vrae met verwysing na die SENTRALE LERINGE onder die volgende opskrifte:

1.1.1 Die aard van menslikheid met verwysing na die gemeenskap en die individu (10)

1.1.2 Die aard van lewe na dood (10)

1.1.3 Die aard van godheid (10)

1.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Elke religie het sekere geloofsoortuigings wat nie onderhandelbaar is om te deel nie. Hoewel, binne meeste religieë kan die vertolking van geloofsoortuigings tussen denkgroepe egter verskil. Hierdie verskille is soms groot en het selfs al tot religieuse oorloë gelei, en soms is dit klein.
>
> [Bron: *Shutters Top Class Religion Studies Grade 12*, bladsy 8]

1.2.1 Noem die verskil in leringe. (10)

1.2.2 Noem die verskil in bestuur. (10)

**[50]**

## VRAAG 2

2.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Elke religie is besorgd om die natuurlike omgewing te beskerm. Dit is omdat die natuur in die meeste religieë as deel van die goddelike skepping gesien word.
>
> [Bron: Onbekend]

2.1.1 Bespreek die oorsake van omgewingsvernietiging. (12)

2.1.2 Verduidelik die impak van omgewingsvernietiging op die samelewing. (12)

2.1.3 Bespreek die praktiese strategieë of stappe wat religieuse organisasies in die stryd teen omgewingsvernietiging kan neem. (12)

2.2 Noem en verduidelik die hermeneutiese beginsels. (14)

**[50]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Elke godsdienstige tradisie het 'n oorsprong, 'n bron, wat normatief is. Die bron verwys nie na hierdie oorsprong of begin nie. Dit is ook 'n aanduiding van hoe mense herhaaldelik na die norm terugkeer in hul soeke na die regte antwoorde. Normatiewe bronne sluit inspirasie en heilige geskrifte in.
>
> [Bron: *Religion Studies Grade 12,* Steyn *et al*.]

3.1.1 Verduidelik die konsep *inspirasie* in die konteks van religie. (8)

3.1.2 Bespreek die belangrikheid van heilige tekste in religie. (10)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Sekularisme in die persoonlike lewe is soortgelyk aan sekularisme in die staat. Dit behels 'n goeie verbintenis tot 'n etiek gebaseer op beredenering oor die menslike natuur sonder verwysing na god(e); die heelal te verstaan sonder om hul op religieuse verduidelikings te beroep.
>
> [Bron: *Shutters Top Class Religion Studies Grade 12,* bladsy 164]

Wat is die verskil tussen *sekulêre wêreldbeskouing* en *religieuse wêreld-beskouing?* (8)

3.3 Bespreek die onderstaande wêreldbeskouings:

3.3.1 Ateïsme (12)

3.3.2 Sekulêre humanisme (12)
**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4

4.1 Lees die volgende uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Party godsdienste het dit minder moeilik gevind om hulle beskouings met die Oerknalteorie te versoen, maar almal van hulle is gedwing om hulle posisies te oorweeg. Daar kan selfs moontlik gesê word dat die wetenskap nou so magtig is dat dit mense se algemene denkpatrone voorskryf en dat godsdiens op wetenskap moet reageer.
>
> [Aangepas uit *Religion Studies Grade 12,* HC Steyn]

4.1.1 Bespreek die wetenskaplike verduideliking van hoe die heelal ontstaan het. (10)

4.1.2 Met verwysing na die leringe van enige EEN van die Abrahamitiese godsdiens verduidelik hoe die heelal ontstaan het. (8)

4.2 Evalueer krities die respons van die onderstaande religieë oor Darwin se evolusieteorie.

4.2.1 Christelike godsdiens (10)

4.2.2 Hindoeïsme (10)

4.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Religieë het nog altyd verduidelikings aangaande die skepping en die status van die mensdom gegee. In die afgelope vier eeue het die wetenskap egter verskillende antwoorde op hierdie vrae gebied.
>
> [Aangepas uit *Religion Studies Grade 12,* H.C Steyn]

Gee 'n kort verduideliking van die *Oerknalteorie*. (12)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> In die middel van die 19de eeu, het die bioloog Charles Darwin sy teorie oor evolusie in *The Origin of Species* gepubliseer. Sedert Darwin was daar baie debatte oor wat sy teorie vir religieuse oortuigings beteken.
>
> [Aangepas uit *Shutters Top Class Religion Studie Grade 12.*]

Verduidelik kortliks Darwin se evolusieteorie. (14)

5.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Organisasies soos die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede, Afrika Vroue van Geloof, Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika, poog om harmonie tussen religieë van die wêreld te skep.
>
> [Bron: *Shutters Top Class Religion Studies* Grade 12.]

Bespreek die pligte van die volgende organisasies:

5.2.1 Nasionale Godsdiensleiersforum (NGLF) in Suid-Afrika (8)

5.2.2 Die Intergeloofsaksie vir Vrede in Afrika (IFAPA) (8)

5.2.3 Die Wêreldparlement van Religieë (WPR) (8)

5.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vraag wat volg.

> Sedert die aanvaarding van die demokratiese Grondwet in 1994, toe godsdiensgelykheid gewaarborg was, was daar baie pogings op die vlak van godsdienstige leierskap om hartlike verhoudings tussen religieë te ontwikkel.
>
> [Aangepas *uit Religion Studies,* Grade 12, H.C. Steyn.]

Bespreek die verhouding tussen religieë sedert die demokrasie in Suid-Afrika. (12)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou